


Titel: Alignment / Belyning
Pastoor: Lucille May
Datum: 12 September 2010
Tyd: 09h30



1 Kor 9:24, 26-27

²⁴ Weet julle nie dat atlete wat aan 'n wedloop deelneem, wel almal hardloop, maar dat net een die prys ontvang nie? Hardloop dan só dat julle die prys kan wen. ²⁶ Ek hardloop dan ook soos een wat nie van sy doel **onseker** is nie; ek slaan soos 'n bokser wat nie in die lug slaan nie. ²⁷ Maar ek **oefen** my liggaam en bring dit onder beheer, sodat ek nie ander tot die stryd oproep en self nie kwalifiseer nie.



Jes 40:31

maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie.

1. drink – aanbidding

Joh 4:14, 23

¹⁴ maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee... ²³ Maar daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, dit so moet doen.

2. eet – woord

Joh 1:1

In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God.

Joh 6:32-35

³² Jesus het hulle geantwoord: "Dit verseker Ek julle: Dit is nie Moses wat vir julle die brood uit die hemel gegee het nie, maar dit is my Vader wat vir julle die ware brood uit die hemel gee. ³³ Die brood wat God gee, is Hy wat uit die hemel kom en aan die wêreld die lewe gee."

³⁴ Hulle sê toe vir Hom: "Meneer, gee ons tog altyd hierdie brood." ³⁵ Maar Jesus sê vir hulle: "Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie."

3. "regular" – ontleding

1 Pet 5:7

Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle.

Psalm 55:23a

Laat jou sorg aan die Here oor, Hy sal vir jou sorg...

4. fiksheid – bid in die Gees

1 Kor 14:4

Hy wat in 'n taal spreek, stig homself; maar hy wat profeteer, stig die gemeente.

Judas 1:20

Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid

5. oefening – diens

Efes 2:10

Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.

Efes 4:7

Maar aan elkeen van ons is die genade gegee volgens die mate van die gawe van Christus.

1 Kor 12:18-21, 25

¹⁸ Maar nou het God die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam gevoeg soos Hy dit wou hê. ¹⁹ As almal saam net een lid was, hoe sou daar 'n liggaam kon wees? ²⁰ Nou is daar wel baie lede maar net een liggaam. ²¹ Die oog kan nie vir die hand sê: "Ek het jou nie nodig nie." Die kop kan weer nie vir die voete sê: "Ek het julle nie nodig nie." ²⁵ sodat daar nie verdeeldheid in die liggaam sou wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar dra.